Oordenking
19 Augustus 2009

Wat moet ek met my lewe doen?

"Wat moet ek met my lewe doen?" Baie vra hierdie vraag. Ons vra dit veral wanneer ons swaarkry, moeg is of bekommerd is.

Die Bybel antwoord hierop dat ons met 'n groter, belangriker en meer relevante vraag moet begin as ons Christene is. As ek Jesus toegewyd wil volg en Hom liefhet, moet my eerste vraag liewer wees: "Hoe pas ek by God se plan in?" en "Wat is God se plan?"

Onthou dat God nie ongevoelig rondstaan en niks doen terwyl die wêreld van een debakel na die volgende mislukking struikel nie. En God het nie ons hartseer, korrupte wêreld verlaat om te sien of ons sonder Hom kan regkom nie.

God het reeds sy plan om 'n einde aan boosheid te bring, duidelik aangekondig. Hy het die voorbereidings vir hierdie volmaakte wêreld gedoen toe Jesus vir die redding van sondaars gekruisig is en opgestaan het. Hy gaan voort om die volmaakte wêreld voor te berei deur jou en my te gebruik om die hele wêreld uit te nooi om sy aanbod te aanvaar om 'n einde aan boosheid te maak, deur Hom as Heer van hulle lewe te aanvaar.
God het 'n dag bepaal wanneer alle siekte, hartseer, misdaad en oorlog tot 'n einde kom. Dit sal 'n nuwe aarde wees, die tuiste van geregtigheid.

Openbaring troos ons so met beeld van hierdie nuwe wêreld:
"Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan". (Open 21:3-4)

Volmaakte vrede is waarvoor ons en ons wêreld bestem is. In God se vrede is daar nie meer selfsug, gulsigheid, korrupsie en onveiligheid nie. God sal in sy nuwe wêreld volmaak en in liefde deur sy Seun oor alles regeer.

Dis ook wat God nou in ons wêreld doen wanneer die boodskap oor Jesus verkondig word. Dis 'n boodskap van vergifnis en 'n herstelde verhouding met God wat ewig duur. Die vrede begin wanneer ons onsself vrywillig aan die volmaakte regering van Jesus in ons lewens onderwerp.

As Christene vertoon ons die nuwe wêreld wat ons verwag, wanneer God ons verander sodat ons Jesus volg, liefhet en meer soos Hy word.

Die beste vraag wat ek kan vra is dit: Is ek al deel van God se plan? Hoe pas ek in by God se plan? Hoe pas wat ek doen in by God se plan? Hoe kan ek Hom die beste dien met wat ek het, met my gawes, geleenthede en die verantwoordelikhede wat Hy my vandag gegee het?